01 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #18

Geliefde Gemeente,

Ek groet u almal in Jesus Christus.

Ons is in ‘n netwerk van gebeure vasgevang: gebeure wat angsvalligheid; onsekerheid; vrees; frustrasie en verveeldheid, tot gevolg het.

Dit is ‘n tyd van loutering, afsondering, staatkundige herstrukturering, self-beoordeling en **MOONTLIKHEDE**.

Die diepte en inhoud van elkeen se geloof sal bepalend wees. Toe ek in 1990 die Lewensbegeleiding-kursus geskryf het, was een van my vrae: Hoekom gebeur dit met my? Waarom moet ek deur dit alles gaan – finansiële tekort, vervolging, aanranding, vernedering, verlies – toe openbaar die Heilige Gees aan my dat, wat blyk ‘n voorspoedige Suid-Afrika en kerk te wees, dit wat met my gebeur, profeties is. Dat, wat blyk ‘n voorspoedige Suid-Afrika te wees, in nood en ellende sal verval. Daar ‘n tyd sal wees, dat die beginsels van die Lewensbegeleiding-kursus, dit noodsaaklik is, om effektief van toepassing te maak: soos wat ek dit in my persoonlike lewe toegepas het.

Ek maak ‘n dringende beroep op u, om ons gebedsterapie te bid en asseblief getrou Woensdagaande die gebedsverbond te bid.

***Joh. 6:6*** is ‘n interessante verloop. Tydens die vermeerdering van die brood vra Jesus Filippus ‘n vraag: ***Joh. 6:5 “Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?”*** Dan sê ***vers 6: “Maar Hy het dit gesê om hom op die proef te stel, want Hy het self geweet wat Hy wou doen.”***

Jesus weet presies: wat Hy in Suid-Afrika besig is om te doen; en nog wil doen. Hy weet wat Hy in jou lewe wil doen. Daarom is God se antwoord op al hierdie harwar: dat, Hy in beheer is. Dat, Hy sal voorsiening maak; dat Hy die uitkoms sal bepaal; en dat Hy vir ons die uitkoms moontlik sal maak.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Eintlik wat nou gebeur is baie goed. God is aan die werk. Laat ons bly wees, ons verheug en weet, God is in beheer.

Ek herhaal: ***"Hy het dit gesê om Filippus op die proef te stel."*** Heel dikwels in ons lewe is daar uitdraai paaie of kortpaaie wat ons op eie inisiatief kies, en sommige kere wat ons verkeerd kies. Daarvan spreek my hele lewe. *"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie, nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil."* ***Hab. 3:17,18****.*

Dit is waarvan ons uiteindelik moet getuig. *"Omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk." "Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees* ***en in niks kortkom nie." Jak. 1:3,4****.*

Ons word **deur God** op die **proef gestel**.

In hierdie onsekere tyd: het ons **sekerheid**. Is ons grootste sekuriteit die feit: **dat God weet wat hy wil doen.**

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335